# Chapmanspiek 2023

| | | | |
|---|---|---|---|
| **ROETE:** | Noordhoek na Chapmanspiek | **DATUM:** | 2023/02/04 |

**KOMMENTAAR**

Werner vertel:
Sewe van ons kom lekker vroeg by die begin van die stap bymekaar by Noordhoekstrand se parkeerarea. Ons handel die admin af en begin te stap, van die begin is dit net op en op. Ons stop plek-plek om die uitsigte en 'n koffie te geniet. By die piek aangekom neem ons 'n ordentlike breek en geniet die uitsigte oor Houtbaai. Ons besef ons Kersfeeskos sit nog op die heupe en die plan om af te stap na die nekkie en terug word laat vaar. Ons mik toe maar weer af na die begin en stop so dan-en-wan weer om die uitsigte te geniet. Na die tyd geniet ons 'n welverdiende iets te drinke.
Amanda vertel:
Altesaam 7 van ons kom om 07:00 die oggend by Noordhoek se parkeerarea by die see bymekaar om Chapmanspiek aan te pak. Gelukkig was dit 'n paar grade koeler by die see as in die noordelike woongebiede. Ons vorder fluks tot by die uitkykpunt waar ons ontbyt eet. Die uitsigte oor Noordhoek se strand en Karbonkelberg by Houtbaai is ongelooflik mooi. Dan volg 'n stewige opdraand waar mens plek-plek jou hande uit jou broeksak moet haal om op te klouter. So vorder ons tot ons uiteindelik by die baken op Chapmanspiek aankom. Ons neem 'n welverdiende breek en neem baie foto's want die 360 grade uitsig van hier af maak die stap die moeite werd. Ons kry stappers van Nederland, die VSA en Duitsland hier bo en wonder waar hulle van hierdie stap hoor. Dan pak ons die terugtog aan en kom lekker moeg by die voertuie aan. Ons gaan drink tot iets koels by Limoncello daar naby (want ons het baie gesweet). Baie dankie aan Werner Dalziel vir die reëlings en stapleiding.
Klimhoogte 593m

| STAPPER | LIDNOMMER | ADMINFOOI | KM | OPMERKING |
|---|---|---|---|---|
| Werner Dalziel | 2023044 | R 5 | 7 | |
| Brenda Sideratos | 2023071 | R 5 | 7 | |
| Werner Booyens | 2023072 | R 5 | 7 | |
| Waldemar Smuts | 2023079 | R 5 | 7 | |
| Estelle Smuts | 2023078 | R 5 | 7 | |
| Ulla Esterhuizen | 2023114 | R 5 | 7 | |
| Amanda Matthee | 2023045 | R 5 | 7 | |
| | | | | |
| | **TOTALE:** | **R 35** | **49** | |

**NOODHULPSAKKIES IS BESORG AAN:** NVT

**ITEMS GEBRUIK:** Geen

| NAME OP WAGLYS | |
|---|---|
| Geen | |
| | |

**VERSLAG DEUR:** Werner Dalziel